

**VELDKORNET P.L. BEZUIDENHOUT VAN DIE EERSTE
VRYHEIDSOORLOG WAS GEEN AFSTAMMELING VAN DIE
BEZUIDENHOUTS VAN SLAGTERSNEK NIE***

Cicero Rautenbach

As 'n misvatting eers een keer by die publiek posgevat het, gaan dit uiters moeilik om dit uit te roei. Dit is die geval met veldkornet Piet Bezuidenhout van Potchefstroom, van bokwa-faam, se afkoms. Sedert jaar en dag word dit verkondig en ook geglo dat hy 'n afstammeling van dié Bezuidenhouts van Slagtersnek was. Só onlangs as Maandag 14 November 1977 het die SAUK dit in 'n oggendpraatjie herhaal. Dit is 'n opvatting wat reeds baie jare lank heers en in talle geskrifte klakkeloos oorgedra is. Geen wonder dus dat dit die algemene opvatting is nie.

Die Bezuidenhouts van Slagtersnek het wel nasate nagelaat wat tot in ons eie tyd opgespoor kan word, soos wat in dr J A Heese se *Slagtersnek en Sy Mense* (Tafelberg, 1973) gelees kan word. Hy skryf dat Slagtersnek met sy grusame assosiasies 'n magtige propagandamiddel in ons volksgeskiedenis geword het. Dit kan dus begryp word dat dit 'n onderskeiding vir 'n Bezuidenhout kon geword het om sy naam gekoppel te hê met die rebelle van 1815. Immers het 'n hoë Britse amptenaar vanuit daardie tyd beweer dat waar daar 'n Bezuidenhout en 'n Prinsloo was, daar ook moeilikheid was. Eintlik het hy waarskynlik bedoel dat die grensboere, onder wie die twee families getel is, die spit van die troebele met die anderskleuriges op die oostelike grens moes afbyt.

Op bladsy 90 van bogenoemde werk skryf dr Heese: "Dis opvallend hoe graag skrywers melding daarvan maak dat latere Bezuidenhouts direkte afstammeling van Slagtersnek se Bezuidenhouts sou wees ... Só word ook soms gemeen dat Pieter Lodewyk Bezuidenhout wie se bokwa in 1880 te Potchefstroom verkoop moes word, ook 'n afstammeling van Slagtersnek se Bezuidenhouts sou wees. Generaal Piet Cronje het die verkoop van die wa verbied en as gevolg van die verwerping van die Britse bewind die Eerste Transvaalse Vryheidsoorlog aan die gang gesit. Met die hulp van mnr Cicero Rautenbach van Blyvooruitzicht kon ek vasstel dat hierdie Pieter Lodewyk geen afstammeling van Slagtersnek se Bezuidenhouts was nie."

Veldkornet Piet Bezuidenhout se Grafskrif

Aanvanklik het Tullius nie die korrektheid van die dikwels herhaalde bewering betwyfel nie. Toe hy in 1968 trag om sekere Bezuidenhoutvriende van Blyvooruitzicht wat van Potchefstroom afkomstig was, in verband met P L Bezuidenhout van bokwa-faam van 1880 te bring, het hy aan wyle mnr J V Coetzee, die bekende stigter en kurator van die Potchefstroomse Museum, geskryf. Van hom het hy verneem dat veldkornet Bezuidenhout in die "nuwe" begraafplaas van Potchefstroom (ná die jaar

*Na aanleiding van Louis Scott se bewerings in F.A. van Jaarsveld, A.P.J. van Rensburg en W.A. Stals (reds): *Die Eerste Vryheidsoorlog*, HAUM 1980, pp.35 en 98 hierdie stuk van mnr C. Rautenbach van Carletonville waarin hy sê dat die plaas Wonderfontein nie aan Jan Prinsloo behoort het nie, maar aan J.J. Oberholzer en dat P.L. Bezuidenhout nie 'n afstammeling van die Bezuidenhouts van Slagtersnek was nie Redakteur.

1900 begin) begrawe lê. Op sy grafsteen staan: Pieter Lodewyk Bezuidenhout, geb. 8 Augustus 1833, overl. 25 Jan. 1905.

Die volgende ontwikkeling was toe daar in deel 2 van SESA (Standaard Ensiklopedie van Suider-Afrika, 1970) 'n lewensskets van vk P L Bezuidenhout verskyn deur mnr J H Cilliers, hoofargivaris, Staatsargief in Pretoria. Hy skryf soos volg: "Bezuidenhout, Pieter Lodewyk, Graaff-Reinet 1842 – Elandskuil 110 (Ventersdorp-distrik) 25/12/1926. Hy word veldkornet op die ouderdom van 25 en was 'n lid van die Volksraad vanaf 1885 tot 1893. Hy word egter hoofsaaklik onthou vir die feit dat sy optrede die indirekte oorsaak was van die begin van die gewapende botsing in die Eerste Anglo-Boereoorlog (1880 – 1881)."

Nee, hier was 'n verwarring van identiteit wat opgeklar moes word!

Toe Tullius in 1970 aanstalles maak om vas te stel wie van P L Bezuidenhout, 1833–1905, Potchefstroom, en P L Bezuidenhout, 1842–1926, Elandskuil, Ventersdorp, die eintlike veldkornet Piet "Bontperde" Bezuidenhout van bokwa-faam van 1880 was, het hy nooit kon droom waarheen die soektog sou lei nie. Die eerste stap was om seker te maak watter P L Bezuidenhout in Potchefstroom se "nuwe" begraafplaas begrawe was. 'n Besoek ter plaatse het die opskrif van die grafsteen soos deur mnr J V Coetzee aangegee, as juis bevestig. Van hom is die versekering verkry dat ou Potchefstroomers en afstammeling van Piet Bezuidenhout daarby hou dat die veldkornet ná die Anglo-Boereoorlog, 1899–1902, in Potchefstroom ter aarde bestel is.

Mnr Coetzee laat verder weet dat hy by informante op die plaas Elandskuil, Ventersdorp, aangeklop het wat kennis gedra het van P L Bezuidenhout, 1842–1926, wat op Elandskuil begrawe is. Hulle betwis egter dat hy die Piet "Bontperde" Bezuidenhout van rooi bokwa-faam was. Die inligting is dat vk Piet Bezuidenhout baie lief was vir bont karperde, waarvan hy steeds 'n paar aangehou het. Oor die jare heen kry hy toe die bynaam van Piet Bontperde. Gedurende sy bedrywige jare het hy nie in Potchefstroomdorp nie, maar noord daarvan langs die loop van die Mooirivier, gewoon.

Persoonlike besoeke in 1971 aan die 83-jarige mnr Stoffel Klopper wat lewenslank in Potchefstroom gewoon het, was insiggewend. Hy vertel dat hy as jong seun dikwels vir vk Piet Bontperde gesien het, dat hy soms te perd gery het met 'n mondering aan en 'n hardebol keil op sy kop waarop 'n volstruisveer aangebring was. Dis interessant dat dit ooreenstem met die afdruk van 'n portret wat in SESA by mnr J H Cilliers se artikel verskyn het.

Verder vertel mnr Stoffel Klopper dat die Engelse militêre owerheid gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899–1902, vir vk Piet Bezuidenhout in Potchefstroomdorp ingeperk het. Hy sê dat die veldkornet, reeds 'n wewenaar, toe ingewoon het by sy dogter (Emmerentia Frederika Elizabeth) wat met ene Van Wyk (A W van Wyk), die destydse koster van die Ned. Herv. Kerk, getroud was. Die Van Wyk-egpaar het in 'n huis op Potchefstroom gewoon. 'n Voorwaarde van die inperking sou gewees het dat vk Bezuidenhout nie die perseel mag verlaat nie. Die bejaarde veldkornet het soos 'n wilde dier in 'n hok al langs die binnekant van die draadheining om en om gestap. Mnr Klopper beweer dat hy met sy gedurige geloof 'n voetpad uitgetrap het. Hy kan nie onthou dat vk Bezuidenhout uit Potchefstroomdistrik weggetrek het nie.

Verdere bevestiging is ontvang van mev D Doyle van Bloemfontein. Sy is 'n dogter van die oudste dogter van veldkornet Piet Bezuidenhout, nl. Dorothea Johanna Jacoba Dirkje Bezuidenhout, met mnr J T van Graan getroud. Laasgenoemde het self as jong man aan die Eerste Vryheidsoorlog deelgeneem. Hy was op sy oudag in Pot-

chefstroom goed bekend as 'n gesaghebbende verteller oor die vroeëre geskiedenis van die dorp. Mev Doyle het geskryf dat haar oorlede vader die persoon was wat sake gehanteer het toe haar oupa Bezuidenhout te sterwe gekom het. Hy het die grafsteen in die destydse nuwe kerkhof laat oprig. Sy glo dat haar ouma Bezuidenhout ook op Potchefstroom begrawe lê want as klein dogtertjie was sy soontoe geneem om te gaan kyk na haar ouma se lyk waar dit in staatsie gelê het.

In die Staatsargief, Pretoria, het mnr J H Cilliers in 'n persoonlike onderhoud ruitelik toegegee dat hy in sy eerste artikel moontlik kon gefouteer het. Die inligting tot sy beskikking was uiters gering en skamel van aard.

Tot eie bevrediging het Tullius vasgestel dat die graf in die Potchefstroomse "nuwe kerkhof" wel deeglik die begraafplek van veldkornet Pieter Bezuidenhout van bokwa-faam was. Toe word hy nuuskierig oor die veldkornet self. Om genealogies vas te stel wie vk P L Bezuidenhout, 1833—1905, volgens sy grafskrif, was, het groter probleme meegebring as om vas te stel waar hy begrawe lê. Sy boedelstukke, nr 6331 van 1905 in die Staatsargief, Pretoria, vertel dat hy op 23 Januarie 1905, as wewenaar op Potchefstroom in die ouderdom van 71 jaar en 5 maande oorlede is. Dit sou sy geboortedatum terugvoer na Augustus 1833, maar sy sterfdag verskil met twee dae van dié in die grafskrif. Tog sou dit nie sy identiteit raak nie.

Volgens die sterftekenis was hy voorheen met Emmerentia Frederika Elizabeth Terblanche getroud. Uit ander bronne weet ons dat hierdie vrou die eggenote van vk. Piet Bezuidenhout van Mooirivierwyk was. Sy geboorteplek word as Transvaal aangegee. Dit was egter nie moontlik nie, want die Groot Trek was vir permanente vestiging eers in 1835 oor die Oranjerivier en in 1838 oor die Vaalrivier.

Die afleiding wat van hierdie brokkie foutiewe inligting gemaak kan word, is tweërlei. Eerstens, dat die informant oor P L Bezuidenhout se geboorteplek gegis het. Tweedens, dat P L Bezuidenhout vanaf sy vroegste kinderjare in Transvaal moes gewees het om so 'n gissing enigins op pote te laat staan. Sy vader word as Pieter Lodewyk Bezuidenhout aangegee, maar sy moeder word glad nie genoem nie. Die feit dat sy moeder se naam nie aangegee is nie, regverdig die afleiding dat sy oorlede is toe Pieter Lodewyk Bezuidenhout nog uiters jonk was. So nie, sou sy eie kinders en sy aangetroude kinders geweet het wat hulle ouma se naam was. So 'n leemte was iets buitengewoons by ons voorgeslagte wat nogal 'n hoë familietrots gehad het.

Die volgende stap was om 'n doopregistrasie vir Pieter Lodewyk Bezuidenhout, gebore 8 Augustus 1833, te probeer opspoor. Dit kon alleen in een van die doopboeke van die Kaapse Ned. Geref. Kerk berus. In die soektog hiervoor is die waardevolle hulp van dr J A Heese van die Strand en dr C L Scheepers-Strydom van Bellville verkry. Beide is ervare navorsers op die gebied van die genealogie. Eersgenoemde was destyds professionele assistent in die Ned. Geref. Kerk-argief, Kaapstad, waar hy die doopregisters daagliks onder die oë gekry het. Hy was in hulle so tuis soos 'n man in sy eie huis. Boonop het hy die dryfveer gehad dat hy met sy navorsing oor Slagtersnek se rebelle besig was. Derhalwe wou hy alles weet van enige moontlike nasate van die Bezuidenhoutbroers wat in die opstand betrokke was. Dr Scheepers-Strydom het 'n senior redaksionele pos by SESA (Standaard Ensiklopedie vir Suider-Afrika) beklee. Hy was baie begerig om uitsluitel oor vk. Piet Bezuidenhout van Mooiriver se afkoms te kry, sodat daar 'n regstelling, indien nodig, in die Afrikaanse verwerking van SESA gedoen kon word.

Twee meer ervare en ywerige navorsers in die Suid-Afrikaanse Genealogie is daar seker nie te vinde nie. As iets opgespoor sou kon word, sou hulle twee daarin slaag. Hulle het alle moontlike doopregisters se inskrywings vir 'n paar jaar vóór en vir

'n paar jaar ná 8 Augustus 1833 deurgewerk. Dr Heese het selfs die boedeldokumente, lêer no 6331 van 1905, Pretoria se Staatsargief, persoonlik nagegaan ingeval 'n leidraad iewers misgekyk was. Maar vergeefs, nêrens kon 'n spoor gevind word van Pieter Lodewyk Bezuidenhout, gebore 8 Augustus 1833 as die seun van Pieter Lodewyk Bezuidenhout, se doopregistrasie nie.

Nóg dr Heese nóg dr Scheepers-Strydom kon in die doopregister van die Ned. Geref. Kerk-argief, Kaapstad, 'n doopregistrasie opspoor wat vir hulle aanneemlik vir Pieter Lodewyk Bezuidenhout, gebore 8 Augustus 1833, voorgekom het.

Die ervaring het geleer dat die kinders van afgestorwe bejaardes, veral in die noordelike provinsies, kere sonder tal 'n jaar of selfs twee jaar uit kon wees met die geboortedatums wat hulle op die grafskrifte laat aanbring het. Die verduideliking daarvoor is dat die oorledenes nie doopseëls of geboortesertifikate met hulle van die Kaap af kon saambring nie. Die agtergeblewe nasate sou dan maklik kon fouteer. Neem die geval van 'n man wat in sy 73e jaar gesterf het. Omdat grafskrifte gewoonlik eers ná verloop van tyd aangebring is, kon die naasbestaandes aanvaar dat hy reeds 73 jaar bereik het. Sy geboortedatum word dan verkry deur van sy laaste verjaardag af sy aantal lewensjare af te trek. Gewoonlik het 'n manspersoon die grafskrif laat aanbring wat die moontlikheid van 'n jaar verskil na die een of ander kant toe nog verder verhoog. Mans het nie goeie geheues vir verjaarsdae en ouderdomme nie.

Dit kan aanvaar word dat die gemelde doktore vir 'n jaar of twee-drie van 8 Augustus 1833 af vorentoe en agtertoe in die doopboeke nageslaan het, sê, van Augustus 1830 af tot Augustus 1836. Dit was alreeds 'n groot speling wat ongelukkig geen resultaat van positiewe aard opgelewer het nie. Tog moes daar iewers vir die probleem uitsluitel gevind word.

'n Moontliker leidraad is deur die geluk aan Tullius self besorg. Terwyl hy iets heeltemal anders soek in die doopregister van die gemeente van George, K.P., val sy oog op 'n inskrywing. Dit lees dat Pieter Lodewyk Bezuidenhout, gebore op 8 Augustus 1837, op 8 Mei 1838 aldaar gedoop was. Sy vader was eweneens Pieter Lodewyk Bezuidenhout en sy moeder, Catharina Wilhelmina Schoeman. Die doopgetuies was Johannes Nicolaas Hermanus Grobler en Maria Bekker, sowel as Jeremias Jesaias Bezuidenhout en Martha Jacoba Bezuidenhout.

Die eerste punt van belang in die inskrywing was dat die dopeling sowel as sy vader Pieter Lodewyk Bezuidenhout heet. Die tweede punt was dat die grafskrif te Potchefstroom die geboortedatum van P. L. Bezuidenhout as 8 Augustus 1833 aangee, terwyl die doopinskrywing te George 8 Augustus 1837 is. Die dag en maand stem ooreen. Derdens het vk Piet Bezuidenhout van Mooirivier en sy vrou Emmerentia Frederika Elizabeth Terblanche, hulle tweede dogter, gebore 28 Maart 1869, die voorname van Catharina Welhelmina gegee. Volgens die vaste gebruik van ons voorouers het die oudste dogter die naam gekry van haar moeder se moeder, d. w. s. die ouma aan moederskant. By bogemelde egpaar was hulle eersgebore dogter Dorothea Johanna Jacoba Bezuidenhout, gebore op 4 Februarie 1861 en later met J F van Graan getroud. Daarna was daar verskeie seuns en toe in 1869 die tweede dogter, wat volgens gebruik na haar ouma aan vaderskant vernoem moes word. Dit is derhalwe geregverdig om van die veronderstelling te kan werk dat vk Pieter Lodewyk Bezuidenhout se kinders so 'n fout kon maak met hulle vader se geboortedatum dat hulle dit foutiewelik as 1833 in plaas van 1837 sou opgee. Volgens mev Doyle van Bloemfontein was haar vader, mnr J F van Graan (die bekende oom Jan van Graan van Potchefstroom, getroud met die veldkornet se oudste dogter) vir die grafsteen en die grafskrif verantwoordelik.

In hierdie stadium gaan die soektog na die identiteit van vk Piet Bezuidenhout van Moirivier oor in 'n soektog na die identiteit van die egpaar Pieter Lodewyk Bezuidenhout en Catharina Wilhelmina Schoeman wat op 6 Mei 1838 te George 'n seuntjie, Pieter Lodewyk, gebore 8 Augustus 1837, laat doop het.

Hierdie deel van die taak is goedgeestiglik deur dr J A. Heese in Kaapstad onderneem. In die vroeë sewentigerjare was die foto-kopieë van die doop- en huweliksregisters wat tot 1845 strek en wat tans in die Staatsargief in Pretoria toeganklik is, nog nie beskikbaar nie. Dr Heese het vasgestel dat Pieter Lodewyk Bezuidenhout, die doopvader, met Catharina Wilhelmina Schoeman te George op 20 September 1835 getroud is. Ongelukkig word nóg die bruidegom, nóg die bruid se ouderdom in die huweliksregister aangegee. Dit sou eers 'n paar jaar daarná in die Kaapkolonie verpligtend gemaak word. Dit lyk allesins of die Pieter Lodewyk Bezuidenhout, gebore 8 Augustus 1837, die eerstelingseun uit die huwelik was. Hy sou dus sy oupa Bezuidenhout se voorname gekry het, wat dan ook Pieter Lodewyk moes gewees het.

Die naslaan van die doopboeke van die grensgemeentes van die Kaapkolonie bring die volgende vorendag: te Colesberg op 1 September 1839 laat doop Pieter Lodewyk Bezuidenhout en Catharina Wilhelmina Schoeman 'n tweede seuntjie, by name Johannes Stephanus, gebore op 25 April 1839. Die doopgetuies was Stephanus Johannes Schoeman en Aletta Sophia Bezuidenhout. Dit was 'n vonds van groot belang, want dit dui daarop dat die doopouers op pad na die binneland was.

Daar was verskeie moontlikhede. Hulle kon bv. in die Colesbergse distrik gevestig gewees het. Hulle kon in die Transgariep gewoon het, d.w.s. oorkant die Oranjerivier, en vir die doopgeleentheid na die naaste predikant teruggekom het. Al wat met sekerheid gesê kan word, is dat hulle vanaf George aan die wegbeweg was. Die stap ná die verkryging van hierdie inligting sou wees om die ouerpaar, Pieter Lodewyk Bezuidenhout en Catharina Wilhelmina Schoeman met hul twee seuntjies Pieter Lodewyk, gebore 8 Augustus 1837, en Johannes Stephanus, gebore 25 April 1839, se spore verder te probeer opvolg.

Colesberg se doopboek het niks verder opgelewer nie. Die egpaar het nie weer daar laat doop nie. Die naslaanwerk gaan dus nou oor na wat as die Voortrekker-doopboek bekend staan. Voordat die Trekkers vir eerwaarde Daniel Lindley as hulle eerste erkende, behoorlik geordende predikant bekom het, het daar wel doop deur besoekende en rondreisende Kaapse predikante plaasgevind. Die rekords wat daarvan oorgebly het, is oorgeskryf in die Voortrekker-doopboek waarvan elke Staatsargief 'n kopie het. Ongelukkig is dit glad nie volledig nie. Deur wind, weer en vuur is sommige oorspronklikes onherroeplik vernietig. Daar was destyds nie sinodale of ander doeltreffende argiefbewaarplekke in die binneland vir die berging van die stukke nie. Gevolglik kan menige doop- en huweliksangeleentheid nie bevestig word nie.

Daar is naartiglik aan die Natalse, Vrystaatse en Transvaalse kant na Pieter Lodewyk Bezuidenhout en sy vrou Catharina Wilhelmina, met hulle twee seuntjies, gesoek, maar vergeefs; nêrens word 'n positiewe leidraad van die vier as gesin gevind nie. Dit is eenvoudig asof hulle van die toneel verdwyn het. Intussen was Tullius nog optimisties dat die uiteindelijke ontrafeling van die vk. Piet Bezuidenhout-knoop in die Potchefstroomse distrik sou plaasvind waar hy feitlik sy hele leeftyd gewoon het.

Derhalwe is met belangstelling kennis geneem van wat mnr Eric Rosenthal in sy "South African Surnames", 1968, geskryf het. Hy vertel: "Dit was Pieter L. Bezuidenhout wat op 3 Maart 1848 die plaas 'De Oude Dorp' naby die Mooiriver vir die bedrag van 800 rixdalers gekoop het." Dit dui daarop dat daar in die beginjare

wel 'n volwasse P L Bezuidenhout te Potchefstroom was.

Van mnr J P C N Bezuidenhout van Blyvooruitzicht kry Tullius 'n belangrike mededeling. Dit is dat sy oupagrootjie by name Pieter Lodewyk Bezuidenhout, op Kolonieplaas, buite Potchefstroomdorp gewoon het waar hy ook begrawe is. Volgens oorlewering was hy as Swart Piet Bezuidenhout bekend. Sy agterkleinseun, die informant, was van mening dat daar nog grafstene vir sy oupagrootjie en oumagrootjie was. Hy onderneem om ondersoek te gaan instel. So gesê, so gedaan. Mnr J P C N Bezuidenhout kom terug met die berig dat hy na 'n vermoeiende soektog die twee verwaarloosde grafte gevind het. Ongelukkig was 'n deel van die een grafsteen soek nadat dit afgebokkel het, maar hy kon nog ontsyfer: Pieter Lodewyk Bezuidenhout, geb. 9.7.1817 op die stukkende steen, en op die ander een Aletta Francina Jacoba Bezuidenhout, gebore Botha, 24 Maart 1824, oorl. 29 Junie 1886.

Met hierdie inligting gewapen, word vir die twee persone se boedelstukke in die Staatsargief in Pretoria gesoek. Nommer 1166 van 1879 gaan toe oor Pieter Lodewyk Bezuidenhout, oorlede te Kolonieplaas (ook genoem Oude Dorp), Potchefstroom op 1 Januarie 1879 in die ouderdom van 61 jaar, 5 maande en 21 dae. Deur terug te werk kan gesê word dat hy dus in die middel van 1817 gebore is. Sy ouers was Petrus Lodewyk Bezuidenhout en Alberta Sovya Bezuidenhout. Hy was getroud met Aletta Francina Jacoba Bezuidenhout, gebore Botha. Onder die lang lys van sy kinders was die eerste twee, Petrus Lodewikus en Johannes Stephanus Bezuidenhout. Hierdie was 'n deurbraak van die eerste water.

Swart Piet Bezuidenhout, oorlede 1.1. 1879, 61 jaar, 5 maande en 21 dae oud, is dus in 1817 in die Kaapkolonie gebore. Die opgaaf van sy ouers se name, Pieter Lodewyk Bezuidenhout en Alberta Sovya Bezuidenhout, voer die lyn na die Kaapkolonie terug. Daar het dr Heese intussen vasgestel dat Pieter Lodewyk Bezuidenhout, gebore 19 Junie 1817, die seun was van Petrus Lodewyk Bezuidenhout, gedoop 1795, en Aletta Sophia Bezuidenhout. Laasgenoemde word 'n weduwee, maar hertrou in 1828 te Beaufort-Wes met Stephanus Johannes Schoeman. Sy en haar tweede man was die doopgetuies oor die seuntjie, Johannes Stephanus Bezuidenhout, gebore 25 April 1839 en gedoop te Colesberg op 1 September 1839.

Hier was nou 'n sterk saak opgebou dat Pieter Lodewyk Bezuidenhout, 1817–1879, bygenaam Swart Piet, en 'n eerste vrou, Catharina Wilhelmina Schoeman, die ouers te George kon gewees het van Pieter Lodewyk Bezuidenhout, die latere veldkornet.

Nêrens kon daar inligting gevind word oor waar of wanneer Catharina Wilhelmina Schoeman oorlede is nie. Maar haar eggenoot te George, nl. Pieter Lodewyk Bezuidenhout, 1817–1879, (Swart Piet) en sy vrou, Aletta Francina Jacoba Botha, laat doop in Desember 1848 drie seuntjies voor eerwaarde D Lindley. Hulle was Willem Jacobus Bezuidenhout, gebore 14.10.1844, sowel as Jeremias Jesaias, gebore 1846, en Stephanus Johannes, gebore 1847. Die voorname van die drie seuntjies van Pieter Lodewyk Bezuidenhout, 1817–1879, (Swart Piet) en Aletta Francina Jacoba Botha, 1824–1886, wat al drie op 18 April 1848 op Potchefstroom gedoop is, vertel 'n verhaal van sy eie.

Die Bezuidenhout-gesin van Kolonieplaas (Oude Dorp): Die oudste seuntjie, Willem Jacobus, gebore 14.10.1844, is na sy oupa aan moederskant vernoem, Willem Jacobus Botha, getroud met Esther Francina Jacoba Heenop. Hierdie oupa en oma was vanaf Beaufort-Wesgemeente waar hulle self voor 1840 laat doop het. Die tweede seuntjie, Jeremias Jesaias, gebore 25.3.1846, word na 'n broer van sy vader vernoem, terwyl die derde enetjie, Stephanus Johannes, gebore 27.8.1847, Botha-voornam

gekry het. Die derde enetjie behoort volgens die gebruikelike naamorde na sy pa, Pieter Lodewyk Bezuidenhout (1817–1879), vernoem te gewees het. Wat het hier gebeur dat die vaste gebruik verontagsaam is?

Heel eenvoudig en logies: Swart Piet Bezuidenhout het reeds in 1838 te George, K.P., sy eersteling, Pieter Lodewyk Bezuidenhout, gebore 8 Augustus 1837, na sy oupa (en ook na homself) vernoem.

Deur die vriendelike samewerking van dr Hermann Rex van die Ned. Herv. Kerk-Argiefbewaarpark in Pretoria kon Tullius die oorspronklike registers van die Potchefstroomse Hervormde gemeente deurwerk. Daar pryk die insiggewende brokkie dat Aletta Francina Jacoba Botha op 26 Maart 1842 op Potchefstroom deur eerw Daniel Lindley tot lidmaat aangeneem is. Sy het dus eers daarna haar familienaam van Botha tot Bezuidenhout deur haar troue verander.

Die volgende tersaaklike inskrywings is dat Pieter Lodewyk Bezuidenhout, wat daarvolgens op 8 Augustus 1837, gebore is, op 24 Desember 1856 tot lidmaat van dieselfde gemeente aangeneem is. Die seuntjie wat op 8 Augustus 1837 te George gebore is, was dus nou in lewende lywe as jongman in Potchefstroom.

'n Uiters belangrike skakel in die ketting van omstandighedsgetuïenis kom in die Ned. Herv. Kerk in Potchefstroom se trouboek voor. Op 7 Januarie 1860 word Petrus Louwrens Bezuidenhout, 23 jaar, met Emerens Frederika Elizabeth Terblanche, 16 jaar, in die huwelik bevestig. Hierdie bruidegom is dus in 1837 gebore. Hy sou nog die veldkornet van die Mooirivierwyk geword.

Nog 'n onregstreekse bewys het aan die lig gekom deur die huwelikinskrywing op 3 November 1860 op Potchefstroom van Johannes Stephanus Bezuidenhout, 21 jaar oud, met Isabella Catharina Wessels, 18 jaar. Die bruidegom, dus in 1839 gebore, kon in alle waarskynlikheid die seuntjie Johannes Stephanus Bezuidenhout wat op 25 April 1839 gebore is, gewees het. Hy is op 1 September 1839 op Colesberg deur Pieter Lodewyk Bezuidenhout en Anna Catharina Schoeman ter doop gebring. Hy was die tweede seun van Swart Piet Bezuidenhout en word as sulks in die rangorde in laasgenoemde se boedelstukke aangedui. Die ouer broertjie, gebore 8 Augustus 1837, sou dan die oudste seun van Swart Piet gewees het.

Isabella Catharina Bezuidenhout, gebore Wessels, is in 1877 oorlede. Die boeldokument gee die lys van kinders van haar eggenoot Johannes Stephanus Bezuidenhout aan as Pieter Lodewyk, Gesina Maria Johanna, Catharina Wilhelmina (op een plek foutiewelik as Christina Wilhelmina), ens. Die afleiding is dat die tweede dogter haar ouma aan moederskant se naam gekry het; dus was Johannes Stephanus Bezuidenhout se moeder 'n Catharina Wilhelmina gewees. In die gesamentlike testament word Johannes Stephanus Bezuidenhout se geboorteplek as Bloemfontein, O.V.S., aangegee. By sy tweede huwelik met Maria Aletta Bodenstein in 1878 word dit as "in O.V.S." aangegee. Sy doop was eger te Colesberg.

Dit was dr J A Heese se bevinding dat vk P L Bezuidenhout van Mooirivier nie 'n afstammeling van die Bezuidenhouts van Slagtersnek was nie.

Opmerklik is dit wat 'n nasaat van een van sy halfbroers, nl. Jan Philippus Carl Nicolaas Bezuidenhout, gebore op Kolonieplaas op 25 Augustus 1849, aan Tullius vertel het. Volgens die oorlewering aan hom het die ouer geslagte uitdruklik gesê dat hulle nie familie van Slagtersnek se Bezuidenhouts was nie.

Dr Heese haal vir prof F A van Jaarsveld, die bekende historikus, aan oor Slagtersnek se Rebelle dat dit haas klaar vergete was toe dit rondom 1868 'n tweede lewe gekry het. Self koppel dr Heese die herlewing aan wat ds S J du Toit, die vader van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging, in sy Suid-Afrikaanse Geskiedenisboek in

1877 geskryf het: “Onder die Afrikaner-Boere het gevoelens hoog geloop oor die wederregtelike anneksasie van die onafhanklike republiek van Transvaal deur die Britte in 1877.” Ds Du Toit het die Slagtersnek-gebeure bygehaal met die spesifieke doel om aan te toon “hoe wreedaardig die Engelse met ons arme Boere gewerk het”. Die lug sou met kwaai gevoelens belaaï bly met ’n hoogtepunt tydens die uitbarsting van die Eerste Anglo-Boere-oorlog, 1880–1881.

Toevallig was dit so dat die vonk in die kruitvat wat die ontploffing veroorsaak het, die episode van die beslaglegging op die wa van vk Piet Bezuidenhout op Potchefstroom was. Voordat genl Piet Cronje opdrag kon gee dat die wa ontset moes word, was vk Piet Bezuidenhout alreeds voor ’n Britse hof gedaag weens wanbetaling van ’n deel van die belasting op sy plaas.

Volgens oorlewing was die veldkornet ’n kort gebakende persoon. Hy was lid van ’n pioniersgemeenskap wat sommer maklik tot fisiese aksie oorgegaan het wanneer ’n probleem nie gou genoeg na hulle smaak opgelos kon word nie. ’n Mens kan dus verstaan dat die naam van die eietydse weerbarstige Bezuidenhout spoedig gekoppel sou word aan die Bezuidenhouts wat sleutelfigure by Slagtersnek se gebeure was.

Ná noukeurige bestudering van die beskikbare genealogiese bronne kom dr Heese tot die gevolgtrekking dat vk Piet Bezuidenhout van Mooirivier slegs baie, baie verlangs aan die Bezuidenhouts van Slagtersnek verwant was. Volgens hom het die lyn soos volg geloop:

Die stamvader, Wynand Bezuidenhout, trou in 1668 met Jannetjie Gerrits. Hul seun, Wynand, se vrou is Gerbrecht Boshouer. Vanaf laasgenoemde gaan dit na Pieter Gerrit Bezuidenhout, gedoop 1709, getroud met Maria Botha. Hul seun, Pieter Bezuidenhout, gedoop 1732, trou met Aletta Sophia Bouwer. In 1765 word Pieter Bezuidenhout wat met Anna Catharina Nel trou, gedoop. Vanuit hierdie egpaar kom Pieter Lodewyk Bezuidenhout, gedoop in 1795, wat met ’n bloedverwant, Aletta Sophia Bezuidenhout trou. Hulle verwek Pieter Lodewyk Bezuidenhout, gebore 1817 (Swart Piet). Hy en Catharina Wilhelmina Schoeman word in 1837 die ouers van Pieter Lodewyk Bezuidenhout (Piet Bontperde), die latere veldkornet van die wyk Mooirivier.

Dit is duidelik dat Cornelis Frederik (Freek) Bezuidenhout, gedoop 1760, en Johannes Jurgen (Hans) Bezuidenhout, gedoop 1758, nie in die lyn van die afkoms voorkom nie. Hulle twee was die Bezuidenhoutbroers van die Slagtersnek-opstand van 1815.

Die navorsing oor veldkornet Pieter Lodewyk Bezuidenhout van Wyk Mooirivier het begin met die vraag oor waar hy eintlik begrawe is. Gaandeweg het die ondersoek ’n uitgrei na ’n soeke na sy identiteit, sy geboortedatum en plek, wie sy ouers was en wat hulle bewegings vanaf die Kaapkolonie na die Transvaal was.

Die eindresultaat kan saamgevat word deur te sê dat hy op 8 Augustus 1837 op George, K.P., gebore is, as ’n klein seuntjie na Transvaal gebring is, waar hy in 1905 oorlede en begrawe is. Voorts was hy nie ’n afstammeling van Slagtersnek se Bezuidenhouts nie.

Hierdie laaste twee sinne gee nie ’n aanduiding van die tyd en moeite wat dit gekos het om so ’n uitsluitel te kry nie. Letterlik dosyne briewe in verband met die probleme is deur persone in verskeie oorde geskryf. Raadpleging van argivale bronne het baie tyd in beslag geneem.

Dr C.J. Scheepers-Strydom van SESA het berig dat hy in die Ned. Geref. Kerkargief, Kaapstad, die volgende gemeentes se registers geraadpleeg het: George, Caledon, Graaff-Reinet, Cradock, Somerset-Oos, Swellendam, Beaufort-Wes,

Albanie, Glen Lynden, Stockenstroom, Uitenhage, Tulbagh, Worcester, Swartland, Piketberg, Paarl, Stellenbosch, Kaapstad, Clanwilliam en die Voortrekkerboek. Inderdaad 'n formidabele lys vir 'n besige man. In 'n stadium in 1971 het dr Strydom 'n geskrif van ses bladsye opgestel wat gewy was aan die probleem en die inligting in verband daarmee ingesamel. Die aanhef werp lig op sy analitiese werkmethode:

“(a) Nou kan ons Piet Bontperde Bezuidenhout aan die Potchefstroomse kant van die tunnel duidelik identifiseer, maar nog nie aan die Kaapkolonie-kant nie.

(b) Swart Piet Bezuidenhout kan ons in die Kaapkolonie identifiseer, maar sy verwantskap met die Potchefstroomse Bezuidenhouts bly nog duister, hoewel hyself baie duideliker daar anderkant in Transvaal staan.”

Die tunnel waarna dr Strydom verwys is die tunnel wat die mense van die Groot Trek wat in die Noorde aangekom het, verbind met hul vorige tuiste in die Kaapkolonie. Daar lê 'n wye veld nog braak vir 'n aantal navorsers in die genealogie om die brug tussen die twee kante te probeer bou. So blyk dit byvoorbeeld al hoe duideliker dat daar meer Voortrekkers vanaf Beaufort-Wes stil-stil oor die Kaapkolonie se grens geglip het as wat daar tot dusver vermoed was.

Insiggewend is dit om dr J A Heese aan te haal oor die geboortedatum op vk Piet Bezuidenhout se grafsteen, 8 Augustus 1833, en sy werklike geboortedatum soos in George se doopboek, 8 Augustus 1837. Hy skryf: “Daar is dus 'n verskil van vier jaar. Uit ondervinding weet ek egter dat mense na die dood van 'n ouerige man dikwels die ouderdom verkeerd opgee en ons weet hoeveel grafskrifte foutief is.”

Die vraag kan gestel word of die kool die sous werd is om so 'n tydrawende aanslag te maak om inligting te bekom wat eintlik vir niemand iets in die sak bring nie? Van die egte navorsers kom die antwoord dat die uiteindelijke sukses 'n besondere genoegdoening meebring. Dit help om 'n prentjie te skilder van 'n deeltjie van ons volksverlede. Dit skep 'n heerlike gevoel van kontinuïteit met die geslagte wat ons eie voorafgegaan het.